



Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskooelspark.co.za

Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2026-08-31

Geagte Ouer/Voog

OMSENDERBRIEF NOMMER 1 VAN AUGUSTUS 2026

KWARTAALAFSLUITING – MNR PRETORIUS

Die skool sluit binnekort vir 'n kort vakansie. Graag wil ek vir al ons ouers en leerlinge 'n aangename en veilige vakansie toewens. Dankie vir 'n besige 3de kwartaal maar ook vir elke leerling en ouer se toewyding om Laerskool Elspark dié beste skool vir kinders te maak.

Die skool sluit Woensdag, 23 September 2026 om 10:00
Skole heropen weer Dinsdag, 6 Oktober 2026 om 7:30

Vakansiedag

Donderdag, 24 September

Erfenisdag

Spesiale reëling:

Die skool sal op Vrydag, 4 September om 12:00 verdaag om ons Gr 6 leerlinge en al die betrokke personeel wat na die leierskamp gaan, te akkommodeer.

Daar sal toesig wees tot 13:30 vir leerlinge wat nie vroeër huis toe kan gaan nie.

ALGEMENE JAARVERGADERING – MNR PRETORIUS

Ouditverslag 2025
Skoolverslag 2026
Begroting 2027

Alle ouers word hiermee kennis gegee en uitgenooi na die Jaarvergadering wat gehou sal word op 19 Oktober 2026 om 18:00. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, is die volgende datum, 2 November 2026 om 18:00.

Die volledige verslae sal vir hierdie vergadering beskikbaar gestel word 14 dae voor die tyd.

NASKOOL – ME MCKENZIE

Neem asb. kennis dat die naskoolsentrum gesluit sal wees op Donderdag, 24 September vir Erfenisdag.

Gedurende skoolvakansie 25 September – 5 Oktober open die naskoolsentrum om 07:00 tot 17:30. Pak asb. eet- en drinkgoed vir u kind in. Alle speelgoed word op eie risiko saamgestuur.

Koste vir kinders wat nie in die naskool is nie, is R130 per dag. Dit moet asb. vooraf betaal word. Stel my in kennis indien u 'n reëling vir vakansie wil maak by elna@elsies.co.za

AKADEMIE – ME BRITZ

Toetsreeks begin reeds Dinsdag, 1 September 2026 vir Gr. 4 – 7 leerlinge. Leerlinge moet asb. hulself voorberei vir die toetsreeks. Almal sal opsommings ontvang.

Die toets sal in die oggend in die registerklas geskryf word in 'n toetsperiode en daarna gaan klaswisseling voort vanaf periode 1. Indien 'n leerling afwesig is, moet 'n dokterbrief ingehandig word en alternatiewe reëlins sal getref word vir die skryf van 'n vraestel.

Neem kennis dat geen Geografie vraestel op die 3de September geskryf word nie.

Toetsrooster:

Dinsdag, 1 September	Afrikaans	Gr. 4 – 7
Dinsdag, 8 September	Wiskunde	Gr. 4 – 7
Donderdag, 10 September	NW + Teg	Gr. 4 – 6
	NW	Gr. 7
Maandag, 14 September	Engels	Gr. 4 – 7
Woensdag, 16 September	SW Geskiedenis	Gr 4 – 7

Rapporte:

Rapporte sal op Dinsdag, 22 September uitgegee word en 'n oueraand sal op dieselfde dag vanaf 18:00 tot 19:00 plaasvind.

Assessering/Take:

Ons doen 'n beroep op u as ouer/voog en leerlinge om alle projekte asb. betyds in te handig. Dit vorm 'n groot gedeelte van kwartaal 3 se punte en is dus baie belangrik.

Onthou: Ons assesseer u kind en nie u as ouer nie – laat hulle asb. self hulle opdragte voltooi/maak.

KLEREDRAG – ME BRITZ

Volg asb. die voorskrifte vir ons somersdrag daar sal na dogters se rompe gekyk word en verstellings sal gedoen word. Geen grimering word toegelaat nie en juwele moet ooreenstem met die skooldrag-reëls.

BADKAMERGEBRUIK – ME BRITZ

Ons leerlinge is besig om ons badkamers te misruik. Ouers moet asb. in gesprek tree met u kind sodat hulle sindelik sal optree. Daar gaan swaar opgetree word teenoor leerlinge wat vandalisties optree.

SELFONE – ME BRITZ

Ons besef ons leerlinge het hulle selfone by hulle. Dit mag egter nie in die klas uitgehaal word nie en sal onmiddellik gekonfiskeer word.

AANLYN-AANSOEKE VIR GR 1 VIR 2027



Indien u, u kind wil inskryf vir Gr 1 versoek ons dat u asb. so gou as moontlik u vorms by die skool inhandig.

Soos u weet is die aanlyn proses reeds in werking en ons bereik taamlik vinnig ons kapasiteit. Om teleurstelling te vermy maak asb. seker dat u so gou as moontlik die dokumente in die kantoor inhandig of epos aan Me Cook (linda@elsies.co.za). Die aanlyn registrasie en aansoek sal vir u gerief deur die skool geprosesseer word.

LEIERSKAMP – MEE NOVELLIE/MITTON

Alle graad 6 leerders gaan op 'n leiersidentifiseringskamp.

Datum: 4 – 6 September 2026

Plek: Jubaweni

Kostes: R2 100

Alle gelde moet asb. reeds ten volle betaal wees. Bus vertrek op Vrydag, 4 September om 8:00 en arriveer terug by die skool op Sondag, 6 September ongeveer 12:30.

Kommunikasie sal op die Gr. 6 Whatsappgroep geskied.

ELSIE ENGELE – ME KOMEN



MINI-HOKKIE – ME T GROBLER

Oefendae en tye is volg: Dinsdae tot Donderdae vanaf 13:40 - 14:30.

Wedstryd datums vir die seisoen is as volg:

1 September	vs Laerskool van Dyk	0/7 – 0/9 (weg)
3 September	vs Laerskool Dalview	0/7 – 0/9 (tuis)
10 September	vs Laerskool Baanbreker	0/7 – 0/9 (weg)

HOKKIE 0/10 – 0/13 – ME NOVELLIE

Sterkte vir die laaste 4 wedstryde van die seisoen!

Wedstryde:

Dinsdag, 1 September	Baanbreker	Tuis	0/10 – 0/13 A + B
Donderdag, 3 September	Concordia	Weg (Benoni High)	0/10 – 0/13 A + B
Dinsdag, 8 September	Woodlands	Weg	0/10 – 0/13
Donderdag, 10 September	Witfield	Weg	0/10 – 0/13

Uitspele vind plaas vanaf 14 – 18 September

ATLETIEK – ME NOVELLIE

Byeenkomste:

Eerste atletiekbyeenkoms	15 Oktober
Super 12 sportreeks	24 Oktober

ELSIEGEAR



KRIEKET – MNR KEYTER

Krieket vs Baanbreker

- 1 September 2026 : 0/10 Tuis
- 1 September 2026 : 0/11 Weg
- 2 September 2026 : 1ste Span weg (EG Jansen velde)
- 2 September 2026 : 2de Span tuis
- 3 September 2026 : 0/9 Weg

Krieket vs Die Arend

- 2 September 2026 : 0/11 Weg

Krieket vs Dalview

- 8 September 2026 : 0/10 weg
- 8 September 2026 : 0/11 tuis
- 9 September 2026 : 0/9 tuis
- 10 September 2026 : 1ste Span tuis
- 10 September 2026 : 2de Span weg

Krieket vs Delville

- 15 September 2026 : 0/10 tuis
- 15 September 2026 : 0/11 Weg

16 September 2026 : 0/9 Weg
17 September 2026 : 1ste Span weg
17 September 2026 : 2de Span tuis

AFRIKAANSE REDENAARS – ME B. NELL

Afrikaanse Gala Redenaars sal plaasvind 12 September. Kommunikasie is reeds uitgestuur aan die betrokke deelnemers.

JUNIORKOOR – ME B. NELL

Juniorkoor oefening: Daar is steeds elke Maandag kooroefening 13:30-14:30 in die skoolsaal. Woon die oefeninge getrou by sodat ons gereed is vir ons optredes.

Kunswedstryd optredes:

9 September – Superreeks	Laerskool Louw Geldenhuys
15 September – Germiston	Laerskool Elspark

SENIORKOOR – ME VAN STADEN

Baie dankie aan elke kind en ouer vir hulle positiewe gesindheid. Ons sien uit na al ons optredes.

Optredes:

- | | | |
|---------------------------|---|-----------------------------------|
| 1. Super 12 | - | 3 September te Louw Geldenhuys |
| 2. Germiston Kunswedstryd | - | 15 September te Laerskool Elspark |

ENTREPRENEURSDAG – GR 7 LEERLINGE



Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof